

Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: <http://www.nuwelied.info>

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHWH wat vlees geword het. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die geskrewe Torah net die dooie letter van die wet wees!!

Parashah 28: Metzora (מצרע) – Reiniging van die Melaatse

יהוה *het met Moshe gepraat en gesê: Dit is die wet vir die melaatse op die dag van sy reiniging.... Lev. 14:1 en 2 – PWL¹.*

Torah: Lev. 14:1 tot 15:33

- Melaatsheid en Sonde
- *L'shon hara* – Die Sonde van Kwaadspraak.
- Lev. 14:1 tot 32 – Die Reiniging van die Melaatse

Haftorah: 2 Kon. 7:3 tot 20 – Melaatsheid 'n Bedekte seën

Hernieuwe Verbond: Matth. 9:20 tot 26; Mark. 5:24 tot 34; Luk. 8:42 tot 48; Hebr. 13:4.

Vandat ons die Hebreuse wortels ontdek het, is ons spense so vol geestelik kos dat ons nie aldag weet waar om te vat of te los nie. Ons oes nie net meer die hoeke van die land af nie, maar soos Rut toe sy haar Losser Boas ontmoet het, het ons nou die oes van die hele land voor ons met Jeshua as ons Losser en Bruidegom. Die tafels is behoorlik gedek. Jeshua, ons Bruidegom hou saam met my maaltyd en leer my nog dag vir dag – Ina van Nierkerk

Melaatsheid en Sonde

In die jare waar daar nie 'n dertiende maand by die Hebreuse kalender gevoeg word nie, word parashah *Metzora* saam met die vorige een, parashah *Tazria*, gelees. Beide hierdie parashot vorm 'n eenheid van onderrig en instruksies oor melaatsheid en die reiniging van

¹ PWL Vertaling (Pad van Waarheid tot die Lewe) kan gratis afgelaai word by www.padwlewe.ch

melaatses. Daarom is dit noodsaaklik om altyd terug te verwys na parashah *Tazria* wanneer hierdie week se parashah bestudeer en bespreek word. Dit is veral noodsaaklik om te verstaan wat is die Skriftuurlike betekenis van melaatsheid soos in die Torah bespreek word. Hierdie verduideliking word in die notas van parashah *Tazria* gegee. [<http://nuwelied.info/wp-content/uploads/2013/01/Parashah27Notas14.pdf>]

Dit kan soos volg opgesom word: Melaatsheid (Hebreeus: *tsara'at*) wat in Torah beskryf word moet nie slegs gesien word as melaatsheid soos ons dit vandag ken nie, maar ook as 'n verskeidenheid van siekte toestande wat die vel aantast, sowel as voorwerpe soos klere en huise. *Tsara'at* moet daarom gesien word as 'n toestand van onreinheid en onvolmaaktheid volgens YHVH se standaard. Dit is 'n veltoestand en besmetting van voorwerpe wat ontstaan het as gevolg van sonde, veral weens sonde van die tong, naamlik kwaadspraak (skinder) wat in Hebreeus *l'shon hara* genoem word. Daarom kon 'n persoon wat melaats is (oortrek is met *tsara'at*), nie in YHVH se Heiligdom (die tabernakel) ingaan nie. Melaatsheid (*tsara'at*) in Torah kan gesien word as YHVH se tugtiging van sy kinders. Dit is 'n geestelike en fisiese toestand van onreinheid weens sonde.

In die verband is dit belangrik om te onthou dat Vader-God tugtig die wat Hy liefhet (Spr. 3:12; Heb. 12:4 tot 13).

Die hedendaagse leeraars en voorstanders van die voorspoedlering (*prosperity teaching*, ook bekend as die *health and wealth teaching*) is beslissend gekant teen wat Torah ons leer oor die verband tussen siekte en sonde. Die voorspoed lering is 'n valse leerstelling waar Satan die skuld vir alle siekte kry en waar ongeloof (te min geloof) as rede gegee word hoekom sommige nie genesing ontvang nie. Hiervolgens word geleer dat die gelowige van die hernieude verbond YHVH se seëninge deelagtig is ongeag of YHVH se Torah gehoorsaam word of nie. Aan die anderkant van die skaal is daar diegene wat verkondig dat alle siekte die wil van Vader-God is en dat die wat nie hul genesing ontvang nie, hul kruis blymoedig moet dra.

In die vorige parashah, *Tazria*, het ons ook gesê dat siekte 'n voortdurende herinnering is aan hoe dinge verander het sedert die sondeval van die mens in die Tuin van Eden. Toe YHVH alles geskape het, het Hy gesê: *Dit was baie goed* (Gen. 1:31). Die sondeval was egter die begin van verval, siekte, verrotting (korrupsie) en dood. Siekte is 'n herinnering aan sonde en die gevolge van sonde en daarom is daar dikwels 'n direkte verband tussen sonde en siekte.

Bepeins of Bespreek:

1. Is sonde die enigste moontlike rede (oorsaak) vir die siektetoestand van 'n persoon? Wat van geneties-oorerflike siektes, asook chemiese besoedeling van die lug, water en voedsel waarvoor ons geen of weinig beheer het en wat op die langduur sekere siektes, soos kanker, longkwale, ens. kan veroorsaak?
2. Wat van Ex. 20:5 waar YHVH sê:*wat die misdaad van die vaders besoek aan die kinders, aan die derde en aan die vierde geslag van die wat My haat?* Kan ons die gevolge van die sondes van ons voorouers 'kanselleer'? Is die antwoord in Ex. 20:6? Is Torah-gehoorsaamheid een wyse wat ons 'immunitet' teen siekte kan opbou?
3. Moet ons nie eerstens selfondersoek doen wanneer ons siek word nie? Moet ons nie eerstens die Afgesonderde Gees vra om ons te wys of daar nie moontlik 'n onderliggende

geestelike oorsaak is nie? Moet ons nie ook die volgende bid in tye van siekte en ander teenspoed nie?

Toets my, YHVH, en beproef my, keur my niere en my hart. Ps.26:2

Deurgrond my, o God, en ken my hart; toets my en ken my gedagtes. Ps. 129:23

4. Laat ons ook nie die volgende waarheid vergeet nie: *God's Perfect Will is Not Healing, His Perfect Will is that You Don't Get Sick. The key to health and healing is love God, love yourself and love others. Love* – Dr M.K. Strydom (*Healing begins with sanctification of the heart*). Beteken dit dat daar dus 'n direkte verband tussen genesing en Torah-gehoorsaamheid bestaan?

***L'shon hara* – Die Sonde van Kwaadspraak.**

The tongue weighs hardly anything, yet so few people can hold it...

Die Hebreeuse woord *metzora* wat *die melaatse* beteken is 'n samestelling van die woorde *motzi* en *ra* en beteken *fontein van boosheid* en *hy wat lasterlik praat*. Dit herinner ons aan die volgende:

Van die vrug van iemand se mond eet hy die goeie, maar die begeerte van die ontroues is 'n daad van geweld. Wie sy mond bewaak, bewaar sy lewe; wie sy lippe wyd oopmaak, vir hom is daar ondergang. Spr. 13:2 en 3

Uit dieselfde mond kom seën en vervloeking. Dit, my broeders, behoort nie so te wees nie. 'n Fontein laat tog nie uit dieselfde oog vars en bitter water opborrel nie? Jak.3:10 en 11

L'shon hara is die Hebreeus vir negatiewe woorde, spesifiek van kwaadspraak en skinder. Om die tong te beheer is die moeilikste deel van Torah om aan gehoorsaam te wees en dus die maklikste om te oortree!

Net so is die tong ook 'n klein lid en beroem hom op groot dinge – kyk hoe 'n groot hoop hout steek 'n klein vuurtjie aan die brand. Die tong is ook 'n vuur, die wêreld van ongeregtigheid. Net so 'n plek neem die tong onder ons lede in; dit besmet die hele liggaam en steek die hele lewensloop aan die brand en word uit die hel aangesteek. Maar die tong kan geen mens tem nie; dit is 'n onbedwingbare kwaad, vol dodelike gif. Jak. 3:5, 6 en 8 – PWL.

Volgens Judaïsme se siening is die volgende stellings die moeite werd om te bepeins:

- ❖ *L'shon hara* maak drie mense dood, naamlik: die een wat dit praat, die een van wie gepraat word en die een wat dit hoor! Dit is soos om 'n verekussing in 'n stormwind oop te skeur – jy kan nooit weer alles terughaal nie.
- ❖ 'n Skindertong is 'n handelaar in negatiewe woorde. In die verband moet ons onthou dat waar die hart van vol is, loop die mond van oor!
- ❖ Deur kwaad te spreek (te skinder) oor iemand anders word jy skuldig aan die oortreding van die persoon van wie jy kwaadspreek.

Die Rabbynse wysgere leer ook dat daar drie vorme van *l'shon hara* is, naamlik:

- ❖ Die feite is waar, maar word oorvertel vir geen positiewe doel nie. Byvoorbeeld: Pas op vir so-en-so, want hy was al in die tronk.
- ❖ Wat jy vertel is onwaar en word gedoen om die persoon in 'n slegte lig te stel (beswadding, laster). Dit is blatante leuens of om iets te vertel sonder om die ander kant van die storie te hoor.
- ❖ Om wantroue tussen twee persone te veroorsaak. Byvoorbeeld: Het jy gehoor wat so-en-so van jou sê?

Soos reeds bespreek is die uitstaande oorsaak van melaatsheid soos Torah dit definieer weens *l'shon harah*. Die basis van hierdie dodelike sonde is hoogmoed en selfisme! Vandag nog gebruik Judaïsme die lesse in hierdie Parashah om die dodelikheid van negatiewe woorde by mense tuis te bring. Dit is veral die verhaal rondom Miriam se *metzora* wat vir hulle uitstaan (Numerie 12). Daarvan lei hulle af dat *metzora* die gevolg is van 'n skerp tong.

Wanneer jy toelaat dat negatiewe gedagtes en houdings oor ander mense aan jou bly kleef, sal jy vind dat dit ontkiem en groei soos vuilgoed in 'n tuin. Selfs, sonder om 'n woord te sê kan jy deel word van hierdie toestand. Net daardie frons of rol van jou oë, ja, selfs stil stuipe is negatief. Dit is wanneer selfs ons wat geroep is om die lig in hierdie wêreld te wees, en om 'n seën vir ander te wees, dit regkry om 'n afbrekende, in plaas van opbouende, invloed te wees.

Wanneer ons negatief praat oor iemand, volg ons die pad van die slang in die Tuin van Eden. Hy het negatief gepraat oor YHWH. Eva het hierdie gif in haar gedagtes ontvang en dit laat saadskiet waaruit haar sonde gegroei het. Hierdie woorde van Satan het 'n wig ingedryf tussen haar en YHWH en ook tussen haar en Adam, haar man.

Pas op, ek en jy doen dieselfde! Met ons negatiewe woorde dryf ons 'n wig in tussen onself en Vader-God, asook 'n wig tussen jouself en die persoon wat jy kritiseer en tussen die persoon wat jy kritiseer en die een aan wie jy dit oorvertel!!

Bespreek of Bepeins

1. Kwaadspraak is antisosiale optrede in sy mees primitiewe vorm. Dit isoleer mense van YHWH en van mekaar. Dit is die gif van die slang in Genesis 3 wat deur die eeue aan ons bly kleef het.
2. Ons almal is bekend met wat dit is om aan die ontvang kant van *l'shon hara* te wees en die impak daarvan op ons lewens. Dit isoleer die persoon van wie kwaad gespreek word. Was dit nie ondermeer die bedoeling van *tsara'at* nie, naamlik om die een wat kwaad gespreek het buite die kamp in kwarantyn te isoleer dat hy of sy kan 'voel' hoe dit is om geïsoleer te wees?
3. Onthou: Ons ore is nie asblikke nie!! En ons mond is nie die opening waardeur 'afval' verwyder word nie!
4. Het Yeshua *l'shon hara* gepleeg toe Hy vir die Fariseërs en Sadduseërs gesê het: *julle addersgslag* (Matt. 3:7 en Matt. 12:34)? Is dit kwaadspraak indien jy die waarheid oor

iemand vertel? Is die bepalende faktor of dit kwaadspraak is die gesindheid en bedoeling waarmee jy dit doen, sowel as die gevolge daarvan?

5. Ons almal het genesing van die tong nodig!! Ons sal almal rekenskap moet gee van elke ydele (nuttelose, negatiewe) woord (Matt. 12:36). Lewe en dood is in die tong (Spr. 13:3). Onthou: Woorde het skeppingskrag!

As iemand dink dat hy God dien en nie sy tong in toom hou nie,⁷ mislei hy sy eie denke, wil en emosie en die diens van hierdie man is leeg en doelloos. Jak. 1:26 – PWL.

Lev. 14:1 tot 32 – Die Reiniging van die Melaatse

Dit is die wet vir hom op wie die plaag van melaatsheid was... Lev. 14:32

Die reiniging van die melaatse soos in Lev. 14:1 tot 32 beskryf word, is propvol profetiese betekenis wat alles 'n heenwysing na Yeshua is. Laat ons egter slegs op enkele hiervan fokus en hoe die reiniging van geestelike melaatses (die sondaars) in Yeshua vervolmaak is.

Ons lees in Lev. 14:2 tot 7 die volgende:

Dit is die wet vir die melaatse op die dag van sy reiniging: hy moet na die priester gebring word en die priester moet uit die kamp uitgaan. Die priester moet die melaatse ondersoek en let op, as die melaatsheid op die melaatse genees is, moet die priester bevel gee dat hulle vir hom wat gereinig word, twee lewende, rein voëls, sederhout, skarlaken en hisop moet bring.

Die priester moet ook bevel gee dat hulle die een voël in 'n erdepot oor lopende water doodmaak. Die lewende voël moet hy vat, sowel as die sederhout, die skarlaken en die hisop en dié en die lewendige voël insteek in die bloed van die voël wat oor die lopende water geslag is. Hy moet sewe maal sprinkel op hom wat van die melaatsheid gereinig word en hom rein verklaar en die lewende voël moet hy in die oop veld loslaat. (PWL).

Hiervolgens leer ons dat twee lewende rein voëls, sederhout, skarlaken en hisop benodig was vir die reiniging van die melaatse. Let daarop dat dit nie die melaatse is wat hierdie bring nie, maar wel die priester wat bevel gee dat dit vir hom gebring word. Op hierdie stadium het die melaatse niks om te offer nie! Nee, hy is nou algeheel afhanklik van genade wat hy glo aan hom bewys sal word. Wat is die profetiese betekenis hiervan?

Die prosedure van die reinigingritueel het vereis dat die een voël oor 'n erdepot in lopende water dood gemaak word. Hierdie kleipot het 'n sinnebeeld geword van die Lewende Water (Joh. 14:10 en 11; Joh. 7:38). Dit was 'n sinnebeeld van die bloed van vergifnis en die reiniging deur die waterbad van die Woord (Ef. 5:26). Hierna moes die sederhout, die hisop en die lewende voël gesamentlik deur die skarlaken(woldraad) aanmekaar vasgebind word (om 'n tipe van 'borsel' te vorm) en in die erdepot van bloed en water ingestee word. Dan moet die priester *sewe maal sprinkel op hom wat van die melaatsheid gereinig word en hom rein verklaar en die lewende voël moet hy in die oop veld loslaat.*

Kan jy die profetiese sinnebeeld hiervan sien?

- Eerstens moet ons daarop let dat dit die priester is wat na die melaatse buite die kamp gegaan het. Dit herinner ons daaraan dat Yeshua buite die stadsmure van Jerusalem gesterf het. Maar dit herinner ons ook aan die woorde van Jakobus toe hy gesê het:

Is daar iemand siek onder julle? Laat hom die oudstes van die gemeente roep en laat hulle oor hom bid en hom in die Outoriteit en Karakter van ons Meester met olie salf en die gebed van vertrou sal die sieke gesond maak; ons Meester sal hom herstel en as hy sonde gedoen het, sal dit hom vergewe word. Jak. 5:14 en 15 – PWL.

Hierdie is egter ook 'n sinnebeeld van iemand wat weens sonde (geestelike melaatsheid) uitgesluit was van die gemeenskap (*fellowship*) van die heiliges, maar na belydenis en vergifnis hartelik terug ontvang moet word! Daarom skryf Jakobus ook: *Erken julle oortredinge teenoor mekaar en bid vir mekaar sodat julle genees kan word* (Jak. 5:16).

- Yeshua het aan 'n folterpaal ('kruishout') gesterf (Joh. 19:17 en 18; Hand. 5:30). Die sederboom was waarskynlik deel van die plantspesie waaraan onder andere die jenewerstruik en sawelboom behoort en waarvan die gom helende eienskappe het. Yeshua se folterdood aan die kruis was ons genesing van sondemelaatsheid!

en net soos Moshe die slang in die wildernis opgelig het, so sal die Seun van die mens opgelig word sodat elke mens wat in Hom vertrou, nie verlore sal wees nie, maar die ewige lewe sal hê, Joh. 3:14 en 15 – PWL.

Volgens die Rabbynse wysgere word sederhout gekies omrede dit simbolies is van hoogmoed, want die sederboom is 'n groot boom wat hoog groei met takke wat wyd uitsprei. Sonde is geestelike hoogmoed, want die sondaar verhef hom bokant YHWH. Daarom het Yeshua vir ons geestelike hoogmoed (sonde) gesterwe.

- Skarlaken was 'n woldraad wat rooi gekleur was met die pigment komende van 'n slaktype seediertye. Dit is 'n sinnebeeld van beide sonde en van die bloed van vergifnis.

Kom nou en laat ons saam redeneer, ' sê יְהוָה: 'Alhoewel julle sondes soos skarlaken is, sal dit so wit wees soos sneeu; alhoewel hulle so rooi is soos karmosyn, sal dit wees soos wol. Jes. 1:18 – PWL.

Ons is duur gekoop deur die kosbare bloed van Yeshua (1 Pet. 1:18 en 19) en ons klere is gewas en wit gemaak deur die bloed van die Lam (Open. 7:14).

- Die hisop waarna verwys word is waarskynlik familie van die plantspesies tiemie of orego (*oregano*) wat beide helende (genesende) eienskappe besit. Wanneer 'n hisoptakkie gevryf word, skei dit olie en water uit. Hierdie is 'n sinnebeeld van die olie van salwing en die water van die Woord wat reinig. Dit herinner ons aan die volgende Skrifgedeeltes:

Vat 'n bossie hisop en steek dit in die bloed wat in die skottel is en smeer aan die bokosyn en aan die twee deurposte van die bloed wat in die skottel is en niemand van julle mag by die deur van sy huis uitgaan tot dagbreek toe nie, Ex. 12:22

Reinig my met hisop en ek sal rein wees. Was my en ek sal witter wees as sneeu. Ps.51:8

Daar het 'n houer vol suurwyn gestaan en hulle het 'n spons vol suurwyn gemaak en hisop omgebind en na Sy mond toe gebring. Joh. 19:29.

- In die lig van dit wat ons tot op hede aangaande die reiniging van die melaatse bespreek het, kan die sinnebeeld van die twee rein voëls, wat waarskynlik duiwe was, beter verstaan word. Beide die rein voëls is 'n sinnebeeld van Yeshua. Die een rein voël wat in 'n erdepot oor lopende water dood gemaak is en se bloed, saam met die water, wat sewe

keer op die melaatse gesprinkel is, verteenwoordig Yeshua as offer en wie se bloed ons reinig en genees (Ef. 1:7; Kol. 1:14; 1 Pet. 1:18 en 19; 1 Joh. 1:7; Open.7:14.) van ons sondeskuld. Dit verwys dan ook, soos reeds genoem, na reiniging deur die Woord. Onthou: Die getal sewe beteken dit wat volmaak en voltooi is.

Die voël wat vrygelaat word is 'n sinnebeeld van Yeshua wat uit die dood opgetsaan het (Hand. 3:15; Hand. 4:10 en 1 Pet. 1:3) en van die oorwinning wat behaal is. Hierdie is ook 'n sinnebeeld van ons sondes wat van ons verwyder word so vër as die Ooste van die Weste (Ps. 103:12).

Hiermee het die priester die belangrikste gedeelte van die die reiniging van die melaatse (sondaar) en waarvoor hy verantwoordelik was, voltooi. Hierdie is 'n sinnebeeld van dit wat YHVH alleen kan doen! Toe Yeshua gesterf het, was Sy laaste woorde: *Dit is afgehandel!* (Joh. 19:30). Die opstanding van Yeshua was die bevestiging en bewys dat YHVH Yeshua die gedeelte van die die reiniging (redding, verlossing) van die melaatse (sondaar) voltooi het. Redding is alleen deur vertroue in YHVH se onverdiende guns.

Maar nou is die spreekwoordelike bal egter in die hande van die melaatse wat gereinig word. Die deel wat die melaatse moet doen alvorens sy reinigingsproses voltooi is en hy weer in die kamp en sy huis toegelaat word, behels die volgende:

- Hy moet op die sewende dag al sy hare op sy hoof, van sy wenksbroue en sy baard afskeer en sy klere was, asook sy liggaam in die water was (Lev. 14:8 en 9). Volgens Judaïsme simboliseer dit die aflegging van (skeiding met) die verlede, veral ten opsigte van die negatiewe wyse wat die mond teenoor ander gebruik was. Die hare van die hoof verteenwoordig die negatiewe (*l'shon hara*) wat gehoor en bedink word, die hare van die wenksbroue die negatiewe dinge wat gesien word en die baard die negatiewe dinge wat gepraat word. Ook hier is die getal sewe dit wat volmaak en voltooi is.
- Op die agste dag moet die man wat gereinig word twee lammers sonder gebrek neem en een jaaroud ooilam sonder gebrek en drie tiendes van 'n efa fynmeel as spysoffer, met olie gemeng, en een log olie (Lev. 14:11). In die verband moet ons onthou dat die agste dag 'n nuwe begin en nuwe siklus simboliseer. Wat nou volg is die eerste tree wat as gereinigde gegee word. Met die hulp van die priester is die een lam, tesame met die log olie, as 'n skuldoffer en beweegoffer aan YHVH gebring. Die priester het dan van die bloed van die skuldoffer geneem en aan die regteroorlel gesmeer van hom wat gereinig word, asook aan sy duim van sy regterhand en aan die groottoon van sy regtervoet (Lev. 14:11 tot 14). Hierdie is simbolies van die reiniging van die sondes van woorde (gedagtes) en dade en wandel. Die man wat gereinig word se verlede is nou 'onder die bloed'.
- Vervolgens het die priester van die olie in sy linkerhand gegiet en met sy regtervinger van die olie sewe maal voor die aangesig van YHVH gesprinkel, asook van die olie bo-oor die bloed aan die regteroorlel van die man wat gereinig word gesmeer, asook aan die duim van sy regterhand en aan die groottoon van sy regtervoet (Lev. 14:15 tot 17). Hierdie is 'n sinnebeeld van die salwing met die Afgesonderde Gees om voortaan YHVH se Torah te hoor, dit te doen en daarvolgens te wandel. Met die oorblywende olie is die man se hoof gesalf sodat hy Torah dag en nag sal oordink en dit sy vreugde sal wees (Ps. 1:1 en 2).

- Laastens is die oorblywende lam en die oilam as sondoffer en brandoffer onderskeidelik saam met die spysoffer gebring (Lev. 14:19 en 20). Hiermee beweeg die een wat gereinig word nader aan YHVH!

Die melaatse was nou gereinig! YHVH Yeshua het gedoen wat vir die mens onmoontlik is en die mens het vrywillig dit gedoen wat YHVH van hom verwag. Vergifnis, genesing en versoening is bewerkstellig!! Die gereinigde kon weer in die Teenwoordigheid van YHVH staan!! Genade op genade!!

Bepeins of Bespreek

1. Hoekom moes die een wat melaats was buite die kamp, afgesny van sy medemens, leef? Is dit nie om dieselfde rede as wat die Skrifte ons leer om alle suurdeeg te verwyder nie (1 Kor. 5:8; Gal. 5:9)? Is 'n skindertong (kwaadspraak; *l'shon hara*) dan nie soos suurdeeg wat baie vinnig die hele deeg versuur nie?

En Hy het hulle beveel en gesê: Pas op, wees op julle hoede vir die suurdeeg van die Fariseërs en die suurdeeg van Herodes. Mark. 8:15.

Julle roem is nie mooi nie. Weet julle nie dat 'n bietjie suurdeeg die hele deeg suur maak nie? 1Kor. 5:6

'n Bietjie suurdeeg maak die hele deeg suur. Gal. 5:9.

Midrash Haftorah (Haftorah Bespreking)

2 Kon. 7:3 tot 20 – Melaatsheid 'n Bedekte Seën!

Hierdie week se Haftorah het, soos ons parashah, te doen met *tsara'at* (melaatsheid). Dit vertel van vier melaatse manne wat YHVH se onverdiende guns ontvang en gebruik word om Samaria te bevry. Soos verlede week se Haftorah leer dit ons ook dat *tsara'at* 'n bedekte seën kan wees! Maar daar is veel meer, want ons leer hoe YHVH vier melaatses gebruik om 'n stad te red!!

Die agtergrond tot ons Haftorah Skriflesing vul 'n mens eerstens met vrees by die besef wat die gevolge van die oortreding van YHVH se Torah tot gevolg kan hê. Weens die ongehoorsaamheid van Israel se Noordelike Koninkryk het YHVH toegelaat dat koning Benhadad van Aram met sy weermag opgetrek het en Samaria beleër het. Die gevolg hiervan was 'n vernietigende hongersnood wat selfs tot kanibalisme gelei het (2 Kon. 6:24 tot 29). Koning Joram wou die profeet Elisa doodmaak omrede hy geglo het dat die profeet se gebede die belegging van Samaria sou verhinder het.

Ons Haftorah begin dan waar Elisa die volgende teenoor koning Joram profeteer: *Hoor die woord van YHVH! So spreek YHVH: Môre omtrent sulke tyd sal 'n maat fynmeel 'n sikkal, en twee mate gars 'n sikkal kos in die poort van Samaria (2 Kon. 7:1). Hierop het die adjutant van koning Joram met spottende ongeloof gereageer, maar Elisa het vir hom gesê: Kyk, jy sal dit met jou oë sien, maar nie daarvan eet nie (2 Kon. 7:2).*

Die vier melaatse manne wat by die poort gesit het se lot was nie anders as die res van Israel nie. Hulle het ook 'n hongerdood in die gesig gestaar en het daarom soos volg geredeneer:

As ons sê: Laat ons in die stad ingaan – aangesien daar hongersnood in die stad is – sal ons daar sterwe; en as ons hier bly, sal ons sterwe; kom dan nou en laat ons oorloop na die laer van die Arameërs. As hulle ons laat lewe, dan bly ons lewe; en as hulle ons doodmaak, dan sterwe ons. 2 Kon. 7:4.

In die aandskemer het hulle toe die laer van die Arameërs ingegaan, maar toe hulle aan die buitewyke van die laer kom was daar niemand nie, want *YHVH het die leër van die Arameërs 'n gedruis van waens en 'n gedruis van perde, 'n gedruis van 'n groot leërmag laat hoor, sodat hulle die een vir die ander gesê het: Kyk, die koning van Israel het die konings van die Hetiete en die konings van die Egiptenaars teen ons gehuur om ons te oorval (2 Kon. 7:6).*

So het die ganse Aramese weermag gevlug, *maar hulle tente en perde en esels, die laer soos dit was, in die steek gelaat; en hulle het vir hul lewe gevlug.* Nadat die vier melaatses van die buit geneem het, het hulle besluit om die *goeie boodskap (2 Kon. 7:9)* aan koning Joram se huis te gaan vertel.

Aanvanklik het die koning gedink dit is 'n lokval, maar die boodskappers wat hy gestuur het, het teruggekeer en die wonderwerk bevestig.

Toe gaan die volk uit om die laer van die Arameërs te plunder; en 'n maat fynmeel het 'n sikkel gekos, en twee mate gars 'n sikkel, volgens die woord van YHVH. 2 Kon. 7:16.

So is die profesie van Elisa dan bewaarheid. Ja, selfs die adjudant van die koning wat aangestel was om die poort te bewaak, is in die stroomloop deur die bevolking om die kamp van die Arameërs te plunder, doodgetrap (2 Kon. 7:19).

Volgens oorlewering was hierdie vier melaatse mans die familie van Gehasi en dus bekend vir hulle suinigheid en geldgierigheid. Hierdie was dan die oorsaak van hulle *tsara'at* (2 Kon. 5:20 tot 29). Volgens Torah moes hulle buite die stadspoort bly. Dit was egter tot hulle voordeel, want sodoende het hulle vrye toegang tot die kamp van die Arameërs gehad. Onthou: Die wat binne die stadspoort gebly het kon nie na buite beweeg nie, want die Arameërs het die stadspoort bewaak en daarom was daar hongersnood in die stad.

Ons lees dat die vier melaatses aanvanklik die buit vir hulleself gehou het, maar later besef het dat as hulle nie hierdie goeie boodskap deel nie, sal hulle skuldig staan (2 Kon. 7:9). Hulle *tsara'at* het hulle dus 'n belangrike Torah-beginsel geleer, naamlik vrygewendheid en om die belange van jou medemens op die hart te dra!! Vir die vier melaatses was *tsara'at* 'n bedekte seën!! En ja, Vader-God kan ook die melaatses gebruik om Sy genade te betoon en Sy Raadsplan uit te voer! Die helde in ons Haftorah is die vier melaatse mans wat 'n stad gered het?

Bepeins of Bespreek

1. Is suinigheid en geldgierigheid 'n sonde? Wat sê die hernieuwe verbond in die verband? Verwys 1 Kor. 6:10 – gierigaards.
2. Was ons nie almal soos melaatses (weens ons sonde) wat die goeie boodskap (2 Kon. 7:9) (goeie nuus) van die evangelie ontvang het en daarom dit met almal moet deel nie? Staan ons nie ook skuldig indien ons stil sou bly nie, veral oor die waarheid van Torah-gehoorsaamheid?

3. Word diegene wat in Yeshua as Messias glo, en Torah-gehoorsaam lewe, nie ook as 'melaats' beskou en uitgeskop om ook buite die 'kerkpoorte' te bly nie? Gaan Vader-God nie ook hierdie 'melaatses' gebruik om vele ander wat as gevangenes binne die 'kerkpoorte' bly van 'n geestelike hongerdood te red nie? Lees Jes. 5:13 en Hos. 4:6.
4. Hoekom vier melaatses en wat is die betekenis van die getal vier volgens Hebreëuse denke? In die verband die volgende: Die vierde letter van die Hebreëuse alfabet is *dalet* (ד) en het die numeriese waarde van vier. Die piktogram van *dalet* is die van 'n 'hangende' tentdeur om by in of uit te gaan. Die geboë vorm van die *dalet* simboliseer ook die van 'n behoefte persoon wat gebuk gaan. Die derde letter van die Hebreëuse alfabet is *gimmel* ג simboliseer 'n ryk man wat agter 'n arm man (*dalet*) aan hardloop om liefdadigheid aan hom te bewys. Daarom is *dalet* ook 'n sinnebeeld van die Afgesonderde (Heilige) Gees wat die geestelik verarmde 'agtervolg' om YHVH se onverdiende guns (genade) te bewys. Die Vader (letter *aleph*) stuur Sy Seun (letter *bet*) om die Heilige Gees (letter *gimmel*) in die hart van die geestelik verarmde (*dalet*) uit te stort. Vorm hierdie 'n prentjie van YHVH se genade in Yeshua en van Sy verlossingsplan? Die eenheid van Vader, Seun en Afgesonderde Gees bewys onverdiende guns aan die melaatse!

-0-0-0-0-0-0-0-0-

Ontvang YHVH se Woord met welwillendheid, maar ondersoek self die Skrifte of hierdie dinge die waarheid is (Hand. 17:11).

Shalomgroete.

Johan.

Epos: kontak@nuwelielied.info

Webwerf: <http://www.nuwelielied.info>

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.